

ROLAND H. BAINTON, *Hier stehe ich. Das Leben Martin Luthers.*
Deuerliche Verlagsbuchhandlung, Göttingen. 1952.

Hierdie Luther-biografie het oorspronklik in Engels in Amerika verskyn onder die titel „*Here I Stand. A life of Martin Luther*”. Dit is seker wel tekenend vir die waarde van hierdie boek dat dit as belangrik genoeg beskou word dat daar 'n Duitse vertaling van moes verskya. Buitendien is daar in Duitsland geen gebrek aan vaderlandse skrywers wat die biografie van Luther die lig laat sien het nie.

Hierdie werk van Bainton se verskyning in die Duitse taal kan waarskynlik gedeeltelik toegeskryf word aan die herleefde belangstelling vir Luther in die na-oorlogse Duitsland. Die vertaling van hierdie werk is ter hand geneem deur Hermann Dörries, en alhoewel die oorspronklike werk nie beskikbaar was om te vergelyk nie, kan gekonstateer word dat die boek vlot en maklik lees. Daar is min te merk van probleme wat alle vertalings vergesel.

Die skrywer, wat self 'n Kwaker is, het 'n objektiewe studie geskrywe van die lewe van die groot Reformator, maar het tog ander momente uit die lewe van Luther na vore gehaal as wat normaliter op die voorgrond staan. Heelwat aandag word gewy aan die Doperse, Humanistiese en Mistieke bewegings wat deur die Reformator geken is en waarmee hy in verbinding gestaan het.

Die persoonlike belangstelling van die skrywer bring mee dat sy belangstelling sterk getrek word na die krisispunte in die lewe van Luther en met besondere vaardigheid en simpatie word die „weg van aanvegting” wat Luther gegaan het om te kom tot die reformatoriese gesigspunte, beskrywe.

Aantreklik in die werk is die feit dat die leser se aandag steeds weer teruggebring word na die mens Luther. In soveel biografieë van Luther word die hoofklem gelê op die saak, wat vanselfsprekend belangrik is, en word die mens en sy problematiek geheel buite beskouing gelaat. Maar hier lewe Luther self voor die leser en dan nie net as groot geloofsheld en reformator van die kerk nie, maar die gewone mens wat in sy stryd om geloof en sekerheid steeds weer moet

terugkeer na die kragbron van sy lewe. Op hierdie wyse slaag die skrywer dan ook op 'n uitmuntende wyse om die Reformator en sy boodskap weer te laat leef vir ons van die Twintigste Eeu.

In twee-en-twintig hoofstukke word die geskiedenis van Luther steeds op heldere en aantreklike wyse uiteengesit. Deur die voortdurende inwerk van bronne en aanhalings uit die geskrifte van Luther self en van sy teen- en medestanders bly die werk boeiend.

Ons wil die werk van Bainton graag aanbeveel by ons predikante en studente en almal wat 'n belangstelling het vir die figuur van Luther. Ook vandag nog het die persoon en die boodskap van die Reformator iets vir ons te sê.

A. D. PONT.